



GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 5/15
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Nuwe lede: Ons verwelkom vier nuwe lede, menere Martin Halvorsen van Yzerfontein en Weskus Biosfeer, Wessel Rauch van Darling en ook Weskus Biosfeer, Leon Vorster van die Caledon Museum en dr Johan Fourie van Universiteit Stellenbosch. Ons wens u almal 'n lang, gelukkige en vrugbare lidmaatskap wat wedersyds verrykend sal wees. Kom neem aan ons aktiwiteite deel, skryf kort artikels vir ons Nuusbrief, korrespondeer met die Komitee oor ons vele projekte. Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme het u nodig.

Veels geluk! Ons Stigting se sekretaris, Rudolf Rode is deur die Duitse Bondsrepubliek met die Orde van Verdienste van die Bondsrepubliek Duitsland (Duits: *Verdienstorden der Bundesrepublik Deutschland*) vereer, vir sy jarelange bydrae t.o.v. die Duitse taal en kultuur in Suid-Afrika. Die Orde, die enigste orde van verdienste van Duitsland, is op 7 September 1951 deur Bondspresident Theodor Heuss ingestel. Dit het die Duitse Orde en Orde van die Duitse Adelaar, ingestel deur die gewese nasionaal-sosialistiese regerings, vervang. Omdat dit die Bondsrepubliek se enigste nasionale meriete orde is, is dit vanselfsprekend die hoogste. Die Orde kan aan sowel Duitsers as buitelanders toegeken word. Hier is Rudolf en die Duitse ambassadeur, dr Horst Freitag, op 16 Februarie 2015. (Foto's: R. Rode)



VOC-pakhuis.

Die ou VOC-pakhuis op die hoek van Bree en Strandstraat, wat al op Johannes Schumacher se skildery van 'de Caab Stad' in 1777 te sien is, se toekoms is weer in gedrang. Die eienaar en ontwikkelaar wil 'n kantoorblok (kantore, wooneenhede en parking) op die skuur bou. Hy het onderneem om historiese oorblyfsels in die ou gebou te bewaar en aan die publiek oop te stel. Sy aansoek is tevore deur die Stadsraad afgekeur. Die nuwe aansoek is aangepas; die nuwe bouwerk sal drie verdiepings laer wees en die parking is verminder, maar die struktuur is vorentoe, nader aan Strandstraat, geskuif. SAHRA en Erfenis Wes-Kaap, die nasionale en provinsiale bewaringsowerhede, het die nuwe voorstel aanvaar, maar daar is openbare beswaar, onder andere deur ons lede **Marie-Lou Roux** en **Hans Fransen** gelei, omdat die moderne argitektuur te groot en visueel strydig is met die agtiende eeuse bouwerke van die Lutherse Kompleks, wat aldrie verklaarde nasionale gedenkwaardighede is. [*Die Burger*: 10.6.15, p.6; 11.6.15. p.3.]

Projekte:

**VOC Baken, Geelbekfontein.*



Foto: Jean Sleigh

Op ons gemotiveerde versoek het SANParke by Erfenis Wes-Kaap aansoek gedoen om die mosbegroeide VOC-baken (c.1760) op Geelbekfontein (in die Weskus Nasionale Park) met 'n hout hut, bestaande uit drie sye en 'n dak, teen wind en weer te beskerm. Die hut is deur 'n Duitse bewaringkundige ontwerp en sal ook as opvoedingslokaal dien. Die terrein sal toeganklik gemaak en 'n rigtingwyser aangebring word. SANParke se hoof het reeds die werk goedgekeur en 'n erfeniskonsultant aangestel wat die wetlike en argeologiese aspekte sal bestuur. SANParke sal die hut verskaf en terreinwerk doen. Ere-Veldwagters sal verskeie inligtingsborde, soortgelyk aan die by Seeberg-uitkyk, voorsien. Ons Stigting het die voorreg om inligting oor die ou baken, die VOC se werksaamhede in Saldanhabaai en die VOC se wêreldwye aktiwiteite te verskaf, en daarby 'n mooi, duidelike rigtingwyser ('predikant') met die beroemde handelsmerk, om besoekers die pad te wys. Die doel van die projek is Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme.

*Ms *Die VOC in Suider-Afrika, 1652 – 1795.*

Hierdie boek, onder redaksie van ons lede Con de Wet (voorsitter), Leon Hattingh en Jan Visagie, gaan ons Stigting se groot bydrae op die gebied van Opvoeding wees. Die manuskrip is by die uitgewer, Protea Boekhuis, maar omtrent drie van die sowat negentien hoofstukke kry nog aandag. Dr de Wet sê dat dit vroeg in volgende jaar sal verskyn, wat nie sonder 'n ordentlike feestelikheid sal verbygaan nie, want baie werk het daar in gegaan. Dit is die eerste manuskrip oor dié onderwerp in enige taal en behoort 'n nuttige bydrae tot die volume van kennis oor die Kompanjie se werksaamhede in hierdie streek te wees. Dele van die VOC se destydse tallasokrasie wat uit Kasteel de Goede Hoop bestuur is, val nou buite die landsgrense, soos St Helena-eiland, Mauritius en Delagoabaai (Maputo).

* *Streekname*: Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme is ook ons doel insake die historiese streekname soos Koeberg, Groene Cloof, Slagtersveld en Sandveld wat deur die nuwe oorkoepelende naam Weskus bedreig word. Ons het reeds die saak bespreek met Weskus Toerisme, Kaapstad Toerisme, Blaauwberg Bewarings-vereniging, Weskus Biosfeer, die SA Kultuurhistoriese Vereniging en die provinsiale Minister van Kultuursake. Uiteindelik moet ons Stigting die provinsiale Paaie-departement oortuig om die ou name op padtekens of inligtingsborde aan te bring.

Ek en Helena Scheffler het op 7 Julie met die Minister (me. Anroux Marais) vergader; sy stel in ons aktiwiteite belang en het haar ook bereid verklaar om ons eregas en spreker te wees by aanstaande jaar se AJV, op 20 Maart 2016. Ons gee nou nege maande kennis: Sal al ons lede asseblief vandag daardie datum vir ons AJV-vergadering reserveer, sodat die Minister 'n indruk van ons Stigting se verteenwoordigende krag kry. Die Streekname-projek en Rockview Dam-projek is aan die Minister genoem.

**Rockview Dam*

Sedert die vorige *Generale Missive* het niks verander nie. Provinsie Wes-Kaap se Minister van Waterwese het die naamsverandering na Dorha Dam goedgekeur, maar ons wag op die Nasionale Minister se aandag. Dié stilstand is ook teenoor die Minister van Kultuursake genoem.

**Deproklamasie van sogenaamde 'Van Riebeeck-heining.'*

Sedert die vorige *Generale Missive* het min verander. Erfenis Wes-Kaap skryf aan 'n deproklamasiewet en moet dit in die parlement goedgekeur kry.

**Historiese kalender*

Lid Roelof Brits het onderneem om 'n lys saam te stel van die datums van interessante en belangrike gebeure in die VOC se lang lewe, waaruit ons uiteindelik ons eie geïllustreerde kalender of sakformaat dagboek sal saamstel. Roelof skryf:

‘Indien dit nie iewers opgeteken word nie, kan dit vir die publiek verlore gaan. Daarom wil ek graag lede aanmoedig om as hulle iets raakloop die datum en besonderhede van die gebeurtenis aan my te stuur sodat ek dit kan aanteken vir die projek wat ons van stapel wil stuur. Ek het 'n program op my rekenaar waar ek die datum en nodige informasie van enige gebeurtenis kan aanteken. Dit is belangrik om die beskrywings so bondig moontlik te hou sonder om aan die interessantheid afbreuk te doen. Sodra ons genoeg inligting versamel het kan ons met die volgende fase begin. Oor die formaat waarin ons dit gaan publiseer kan ons nog koppe bymekaar sit en ek hoor graag voorstelle aan. Dit kan 'n goeie fondsinsameling projek word.’ Stuur asseblief inligting aan die e-posadres: rjcbrits@fridgeandfreezer.co.za

Hier is 'n voorbeeld:

20 Maart 2016. *Stigtingsdag. Op dié dag in 1602 word die VOC se oktrooi in Middelburg, Zeeland onderteken.* Daarby kan ons lede dan in hulle sakboekies aanteken: 'Algemene Jaarvergadering. 5 nm. Kasteel. Betaal ledegeld.'


Verlore stadswapen van Kaapstad



Foto: Martiens van Bart

Op 3 Julie 1804 het kommissaris-generaal J.A. de Mist die eerste heraldiese wapen aan Kaapstad toegeken. Die stad was toe 152 jaar oud. Die ontwerper is onbekend; die rooi veld met drie goue ringe ('annulette') kom van Van Riebeeck se eie familiewapen. Die anker is 'n simbool van Hoop, en as simbool ook tipies van 'n hawestad. Op die blou lint staan: '*Dit wapen is op het deswegens daar om gedaan versoek, van den Rade der Gemeente, aan dese Stad geschonken door Mr Jacob Abraham de Mist lid der Aziatische Rade & Commissaris Generaal van het Bataafsche Gouvernement over de volksplanting te Kaap de Goede Hoop en den Resorte van dien & & op den 3 July MDCCCIV.*'

Bostaande foto wys die sentrale deel van 'n veel groter tafereel met vaandels, veldkanonne, ens. Die geheel is uit hout gebeeldhou en geverf deur Anton Anreith, wat ook later 'n Britse koninklike wapen vir die agtergewel van die destydse Hooggeregshof, nou die Slawelose Museum, gemaak het. (Wat nou daar te sien is, is 'n moderne replika. Die oorspronklike word in die museum se lesingsaal op die eerste verdieping uitgestal.) Ons lid Martiens van Bart het dié stadswapen jare gelede in 'n munisipale pakhuis gefotografeer, maar op navraag kon niemand hom sê waar dit nou is nie. Enige inligting oor die beeld sal welkom wees. (Saamgestelde foto.)



Foto's: Martiens van Bart

Uitstappies en lesings

Hans Hendrik se handtekening: Onder die VOC se soldate en matrose wat 'n nuttige nageslag hier nagelaat het, was Hans Heinrich Hattingh van Speyer in Duitsland. As vryburger het Hans die plaas *Spier* naby Stellenbosch besit. In 1698 trou hy met die Hugenoote Marie de Lanoy, weduwee van Arie Lekkerwyn (of Henri Lecrevin) wat so gruwelik aan sy einde gekom het. Deur die huwelik bekom Hans die plaas *La Motte* by Franschoek.

Tydens die burgers se reaktiewe opstand teen goewerneur W.A. van der Stel het die goewerneur o.a. 'n partytjie in die Kasteel gehou met volop te eet en te drink vir almal wat 'n getuigskrif ten gunste van hom sal onderteken; sy getuigskrif, pluime en inks het daar gereed gelê. Hans Hendrik se handtekening is op daardie dokument. Waarom sou 'n Kaapse boer vir

Van der Stel ondersteun en so die afkeur van die burgergemeenskap oor hom en sy familie neerhaal? Of het iemand anders dalk sy naam daar geskryf?

Een van Hans en Marie se afstammeling het as skoolseun vir Noord-Transvaal Skole rugby gespeel en later professor van Geskiedenis geword, met 'n lang, lang lys VOC-publikasies tot sy krediet en Stigting VOC se voorsitterslint en -medalje om sy nek. Voorsitter Leon sal op Saterdag 1 Augustus die vreemde storie van die twee handtekeninge met illustrasies bespreek, wat lig werp op die Kaapse samelewing en omstandighede van daardie interessante, lang en moeilike ekonomiese stryd meer as drie eeue gelede. Almal welkom.

Om 10.30 op Saterdag, 1 Augustus by Huis der Nederlanden, Sentrale Plein, Pinelands. Volop gratis parkering. Altyd lekker koffie en tee (eie rekening.)

Hou dié spasio dop.

Later vanjaar verneem ons van lede dr Han Mets oor die sosiale lewe in die VOC se gewese Oos-Indiese domeine en dr Hans Fransen oor die lewe en werk van Louis Thibault, die VOC-ontwerper en argitek wat vanjaar (Oktober, 2015) twee eeue gelede oorlede is.

Ganze Craal



Foto: Elliot-versameling. Kaapse Argief.

Die sierlike ou opstal en werf van die buitepos Ganzekraal (c.1724 - 1791) in die Slagtersveld is nou 'n ruïne. Kaapse Natuurbewaring het onlangs amptelik van die plaas besit geneem. 'n Formele verklaring as natuureservaat is geregistreer en daar word aan die herwinning gewerk. 'n Permanente wag patroleer die plaas, want gewapende jagers stroop bv. steenbokke, duikers, bakoerjakkalse en skilpaaie.

Eetbare erfenis



Die eerste wyn in die land is op 2 Februarie 1659 gemaak. Die geleentheid word jaarliks op *Constantia* herdenk, met pak en das, 'n priester wat die nuwe oes seën, ens. Die eerste appels is op Maandag, 17 April 1662 gepluk. Die *Daghregister* sê: 's morgens dicke motregen ende stijve N.Westwint uytter zee. Ende is overleden den tamboer genaemt Huybert Roothoff van Sluys in Vlaenderen. Heden sijn de eerste 2 rijpe Hollantse appelen affgepluckt in

Compagnies fockboomgaerd [kwekery] van een boomtjen niet boven 5 voeten hooch, genaempt wijnappel, waren tusschen de 11 ende 12 loot [gewig] d' een d' ander geen aes overwegende [van presies dieselfde gewig] en dichtbij, malcanderen rakende, gewassen, sijnde tot volkomen wasdom [gekomen?]....

Op die plaas Oak Valley naby Grabouw is 'n Erfenisboord aangelê. Dit bevat meer as 30 appel- en peervariëteite wat nie meer in die handel te kry is nie en daarom moontlik sal uitsterf. Wijnappels word nog in Nederland gevind, en die plaas kon vyf eksemplare daarvan bekom. Hulle is nog in kwarantyn, maar is vir die Erfenisboord bestem wanneer hulle vrygestel word.

Die eerste peer is in kommandeur Wagenaer se tyd gepluk. (Die datum 19 April 1665 wat in *Die Burger /Landbou*, 24.4.15 genoem word, is verkeerd.) Oak Valley het ook 'n steggie van die stokou peerboom (op meer as 300 jaar oud geskat) in die Kompanjietuin bekom, vir hul Erfenistuin. Oak Valley kan met hierdie inisiatief geluk gewens word.

Nuwe VOC-boeke



*Hans Fransen: *Cape Baroque and the contribution of Anton Anreith...* (Stellenbosch, Sunmedia 2014, 145p.)

Stigting VOC-lid Hans het met hierdie boek 'n verdere belangrike publikasie tot sy indrukwekkende oeuvre gelewer. Hy is reeds vir standaard werke soos *Three centuries of SA Art*; *The old buildings of the Cape*; en *Old towns and villages of the Cape* bekend. In *Cape Baroque* gee hy 'n oorsig van barok versierings in die argitektuur en toegepaste kuns aan die Kaap gedurende 1652-1800.

Dis 'n boek wat Hans se enorme kennis van Kaapse argitektuur en kuns weereens duidelik illustreer. Ook is dit 'n ode aan kunstenaars soos Anton Anreith wat van 1777 pragtige dekoratiewe werk geskep het vir o.a. die Lutherse Kerk in Strandstraat, Groot Constantia, die Grootse Kerk en Kasteel de Goede Hoop.

Die boek is op kwaliteit-papier gedruk en ryk geïllustreer met uitstekende gedetailleerde foto's, waarvan verskeie in volkleur is, meestal deur Hans self en Willem Malherbe geneem. Teen R250 is dit 'n ware winskoop. [Resensie: P. E. Westra.] Doen navraag by africanapublishers@mwebbiz.co.za.

*Bart de Graaff e.a.: *Zeeuwen aan de Kaap: Verhalen uit Zuid-Afrika*. Vlissingen, De Boer, 2015. 96p.

Hierdie boek bevat interessante verhale oor die belewenisse van Nederlanders van Zeelandse afkoms gedurende die Kaapse VOC-periode. Ons lees onder meer van Ockert Olivier, wat saam met sy ouer broer Hendrik die stamvaders van die Suid-Afrikaanse Oliviers was. Hulle het in 1667 as soldate aan die Kaap gekom. Ockert het gou bekend geraak as 'n 'onverbeterlijk dronkenlap en rokkenjager.' Sy skoonma Trijn 'de Boerin' Gansevanger, is in 1673 weens veediefstal veroordeel om gebrandmerk en gegesel te word. Ockert het 'n inboorling doodgeskiet omdat hy sy Delftsblou-bierbeker gebreek het en het Nederland toe gevlug, waar hy 'n pardon van die jong Prins Willem III gekry het. Terwyl hy weg was het sy jong vrou twee kinders by 'n ander man gehad. Met sy terugkeer is hy gearrester, want die inboorlinge sou eindelose opstand veroorsaak as hy vrygelaat word. Hy is eers op Robbeneiland aangehou en toe Mauritius toe verban, saam met Maijke Hendriksz, skaapdief, wie se man Tieleman by die Moordkuil vermoor is. Op dieselfde hoeker *Boode* op pad na Mauritius was die vryburgers Bart en Theuntje Borms met hul pleegkinders Pieterella en Salomon van Meerhof, en die kuiper Daniel Saayman met wie Pieterella later getroud is. Daniel was ook 'n Zeeuwer, uit Vlissingen. Hy en Pieterella het 'n groot nageslag van Zaaymans en De Vriese hier gelaat.

Ouer broer Hendrik Olivier het 'n reguit paadjie geloop, as hardwerkende boer en getroue kerkganger. Sy boerdery *Clara Anna's Fontein* bestaan steeds noord van Durbanville, maar is in gevaar om te verdwyn, omdat daar planne is om 'n nuwe woonbuurt daarop te vestig.

'n Ander bekende Suid-Afrikaanse stamvader van Zeeuse afkoms was Abraham de Smidt (De Smit) van Middelburg. Hy was stuurman van die VOC-skip *Middelburg* en het heldhaftig opgetree deur die skip met buskruit op te blaas, voordat dit in 1781 deur 'n Britse vloot in Saldanhabaai verower kon word. In daardie enkele slag is vyf VOC-retoerskepe oorgegee. Abraham het hierna te voet Kaapstad toe gereis en hier al gou 'n invloedryke sakeman geword met invloed in die hoogste kringe.

Hierdie is slegs twee voorbeelde van talle interessante stories in die boekie. 'n Moontlike leemte is dalk dat daar geen presiese bronne en verwysings vir die verhale gegee word nie, maar slegs 'n algemene leeslys aan die einde van die publikasie. Dis duidelik nie 'n akademiese bronnepublikasie nie, maar bedoel om 'n 'lekker-leesboek' te wees.

Die boek is mooi uitgegee en ryk geïllustreer met swart-wit prente en kaarte. Die hoofsaemsteller, Bart de Graaff, is as skrywer van twee ander onlangse boeke, *1599 km tussen Amsterdam en Gouda* en *Nederland as poort na Afrika* plaaslik reeds 'n ou bekende wat die Kaap gereeld besoek. [Resensie: P.E.Westra.] Skakel Piet by pietwestra@mwebbiz.co.za indien u meer van Bart de Graaff se drie boeke wil weet.

Wat is Zeeuwen, in die VOC geskiedenis?

Ons lede mag wonder wat 'Zeeuwen' is. Tereg, want volgens die Winkler Prins-ensiklopedie (Elsevier, Amsterdam, 1950) is hulle nie die gewone lang, blonde Hollanders van ons verbeelding nie. Hulle dra Alpine ras-kenmerke (wat dit ook mag wees), is nie groot nie, met donker hare en oë, en konserwatiewe Protestante met hul eie streeks-kleredrag.

Hul woonplek is Zeeland, die suidwestelike provinsie van Nederland, wat uit lae eilande in die monding van groot riviere soos die Maas en Schelde bestaan. Die eilande is o.a. Noord- en Suid-Beveland, Schouwen, Duiveland, St Philipsland, Walcheren en Tholen, en Zeeuws-Vlaandere op die kus noord van België. In Zeeuws-Vlaandere is die stad Biervliet, waar jy 'n standbeeld sien van Willem Beukelszoon wat in 1384 die pekelharing uitgevind het. 'Haringkaken' is 'n proses van skoonmaak en insout terwyl die boot nog op see is, dat die haring vars en rou geniet kan word. Beukelsz se ontdekking was hoogs winsgewend en het bygedra - dra steeds by - tot 'n ekonomie wat 'n 'Goude Eeuw' moontlik kon maak.

Middelburg, Zeeland se hoofstad op die eiland Walcheren, was ná Amsterdam, die VOC se tweede-grootste kamer en sou in voortdurende kompetisie met Amsterdam bly. Dit was inderdaad in Middelburg - nie Amsterdam nie - dat die Kompanjie se oktrooi op 20 Maart 1602 onderteken is. Amsterdam het agt lede op die VOC se direksie gehad en Middelburg vier. Zeeland se bydrae ten opsigte van kapitaal, skepe en personeel was in dieselfde verhouding. Die direkteure (Here Sewentien) het vier jaar na mekaar in Amsterdam vergader, gevolg deur twee jaar in Middelburg; dan is na Middelburg as die *'praesidiale caemer'* verwys. Stad Middelburg in die middel van Walcheren-eiland is deur 'n prag verbind met Fort Rammekens by die see, waar die Kompanjie se skepe aangekom en vertrek het.

Zeelandse skepe het herkenbare Zeeuwse name gedra, soos *Tholen, Walcheren en Vlissingen*. (op dié skip se agterhek was 'n fles of kruik te sien, die oorsprong van die stad se naam.) Wanneer 'n Zeeuwse admiraal oor die retoervloot aangestel is, het die vlagskip die Zeelandse vlag (horisontale bane van geel, wit en rooi) gedra. Kamer Zeeland het sy eiendom met die VOC-simbool onder die letter M of die letter Z gemerk.



Op die blou leisteen fries oor ons Kasteelpoort word stad Middelburg deur 'n middeleeuse 'burg' of vesting, soos daar nog in Leiden te sien is, voorgestel, maar Zeeland se provinsiale kenteken of heraldiese wapen is 'n *'klimmende leeu wat uit die see verskyn.'* Dit beteken 'n leeu-voorlyf met pote uitgestrek oor alternatiewe blou en wit golwende bane. Plaaslik hoef ons nie ver te soek nie. Dit is ook Hoërskool Simonstad se skoolwapen. Ek weet nie wat die verband is nie.

Zeeland is in Mei 1940 deur Duitse bomwerpers aangeval, wat meeste VOC-oorblyfsels in Middelburg verwoes het. Later in die oorlog, toe die land deur Duitsers beset is, is dit ook deur die Geallieerdes gebombardeer. Wat oorleef het is die *Oudemannenhuis*, 'n verblyf vir VOC-oudgediendes. Op die dak is 'n weerhaan in die vorm van 'n soldaat met 'n geweer. Ek het dit op 'n Sondagoggend in Augustus 1982 afgeneem. Die strate was leeg en stil. Museums, restaurante, alles behalwe die kerke, was toe. Die ZEELAND plakker vir my koffer het ek in Amsterdam gekoop.



Foto: D. Sleigh

Afskeid: Twee persoonlikhede van wie ons nie langer gaan hoor nie is **Andrew Hall** wat as hoof uitvoerende beampte by Erfenis Wes-Kaap bedank het om in 'n Arabiese land as erfenis-konsultant te werk, en vriend **Sven Niels**, VOC *Caemer die Haghe* se skriba, wat uit die pos bedank het. Sven het 'n natuurlike sin vir humor en het hom diep in sy amp ingeleef. *Slamat jalan*, Sven. Dankie vir jou entoesiasme.

Verhuis u? Onthou asseblief om nuwe adresse, e-posadresse, telefoonnommers en ander besonderhede aan lede-sekretaris Saretta Gelderblom te gee. Haar adres staan bo-aan die *Generale Missive*.

Behouwde vaert

D. SLEIGH: REDAKTEUR

12 Julie 2015

Formaat en verspreiding: Jean Sleigh